# STELLENBERG BYBELSKOOL

# DIE KLEIN PROFETE

## SESSIE 7

## SEFANJA


FINAL DECADES of the SOUTHERN KINGDOM (SEE 2nd KINGS 22-23)
THE DAY OF THE LORD IS NEAR! (1:7)
REMOVE ALL THE IDOLS!!!
BABYLON
TRAGIC DEATH
KING JOSIAH
ZEPHANIAH
ZEPHANIAH CONTAINS VERY INTENSE IMAGES OF GOD'S
JUSTICE &
A PASSION TO RESCUE HIS WORLD FROM HUMAN EVIL & VIOLENCE
...IN ORDER TO:
LOVE
CREATE A WORLD WHERE EVERYONE CAN FLOURISH IN SAFETY & PEACE
1-2:3 JUDGMENT ON JERUSALEM
1
JERUSALEM'S WORLD IS GOING TO END
REVERSAL of GENESIS 1
DARKNESS
DISORDER
APOCALYPTIC IMAGES REFER TO AN ARMY
ZEPHANIAH DOESN'T SAY WHO,
(HINT: IT'S BABYLON)
BECAUSE HE WANTS TO HIGHLIGHT GOD'S ROLE.
2:1-3
HOPE FOR THE REMNANT
SEEK THE LORD, YOU WHO ARE HUMBLE. (2:3)
IN YOUR MERCY, SPARE US, O GOD!
2:4-3:8 JUDGMENT ON THE NATIONS & JERUSALEM
...AGAIN!
2:4-15
ACCUSATIONS AGAINST THE NATIONS
PHILISTINES
MOABITES
AMMONITES
ASSYRIANS
ALL OF THEM WILL FALL BEFORE BABYLON
3:1-8
...INCLUDING JERUSALEM!
GOD DOESN'T EVEN RECOGNIZE HIS OWN PEOPLE ANYMORE...
NOT TOTAL DESTRUCTION, BUT Purification
"MY DECISION IS TO GATHER ALL THE NATIONS & POUR OUT MY BURNING INDIGNATION." (3:8)
3:9-20 HOPE FOR THE NATIONS & JERUSALEM
GOD TRANSFORMS THE NATIONS INTO A UNIFIED FAMILY
3:9-10
FULFILMENT OF GOD'S PROMISES TO ABRAHAM
to bless the nations
(SEE GENESIS 12, 15, 17)
"I WILL PURIFY THE LIPS OF THE NATIONS SO THEY CAN CALL ON THE LORD." (3:9)
3:11-20
GOD RESTORES JERUSALEM
"YOUR GOD WILL LIVE AMONG YOU & HE WILL CELEBRATE YOU WITH SONGS OF JOY." (3:17)
created by the Bible Project

**SESSIE 7**

**DIE KLEIN PROFETE**

**SEFANJA**




Volgens die opskrif in Sefanja 1:1 het die profeet rondom die regeringstyd van koning Josia van Juda (639-609 vC) opgetree. Ons is met ander woorde in die periode net voor die koninkryk van Juda in 597 en 586 vC deur die Babiloniërs verwoes is. 2 Konings 18-23cskets vir ons die historiese omstandighede van die tyd waarin Sefanja opgetree het.

- 2 Kon. 18-20 begin met **koning Hiskia**. Julle sal onthou dat ons met die profeet Miga gepraat het oor Hiskia se water tonnel en breë muur wat hy in Jerusalem laat bou het. Dit was in antisipasie van die inval van koning Sanherib van Assirië in 701 vC. Lees spesifiek weer 2 Kon. 20:20-21.
- 2 Konings 21 vertel oor **koning Menassa** wat Hiskia opgevolg het. In hierdie tyd beleef Juda 'n geestelike laagtepunt. Dit is waarskynlik dat Sefanja die lang stilte van profete stemme tydens Menassa se koningskap onderbreek wanneer hy saam met Jeremia sy stem laat hoor (Sefanja se optrede kan tussen Jesaja en Jeremia geplaas word).
- Dit is ook waarskynlik dat sy boodskap aanleiding gegee het tot **koning Josia** se godsdienstige hervorminge wat in 2 Konings 22-23 beskryf word. Ons gaan in die volgende sessie oor die profeet Habakuk weer kortliks by koning Josia stilstaan.

Ons weet nie waar Sefanja vandaan gekom het nie, maar in die lig van sy beskrywing van die stad Jerusalem was hy waarskynlik ‘n inwoner wat daar grootgeword het. Soos met die ander profete verkondig hy God se oordeel (1:2-3:7) oor Juda en die nasies om Juda, sowel as hoop en herstel (3:8-20).

**Wat het Sefanja gegrief?**


Ek gaan later vir julle ‘n grafiese prentjie van Jerusalem skets wat jou gaan help om Sefanja se boodskap beter te onthou.


1. Die inwoners van Jerusalem het vasgevang geraak in die <u>voorspoed wat die Kanaänitiese fertiliteit godsdiens</u> beloof het. Let wel dat Sefanja dit in 1:9 as ‘n bygeloof uitwys. Soos met die vorige profete se boodskap het dit mense se selfgesentreerdheid verdiep, wat weer op die beurt tot korrupsie, armoede en ongeregtigheid aanleiding gegee het. Sefanja het ‘n baie unieke perspektief en insig hierop wat ek glo vir ons vandag baie beteken.
2. Juda se vertroue is geplaas op <u>koalisies met ander nasies</u>. Die optrede van mense wat leiding moet neem word in hoofstuk 3 sterk veroordeel.
3. Maar die kwessie wat hy deurgaans in die boek aanspreek, en van groot belang vir ons vandag is, is die <u>trots en selfversekerdheid</u> waarmee die inwoners geleef in die tyd geleef het. In 3:2 praat hy oor hulle hardkoppigheid. In plaas om in nederigheid op God te vertrou is hulle hoogmoedig. Hulle het gemaklik geraak in ‘n styl van lewe waarin God oorbodig geraak het (lees 1:12 wat dit duidelik uitwys). Sefanja hoop om deur sy harde boodskap ‘n ander gesindheid in hulle los te maak. Die spore daarvan kan in Konings 22-23 gevind word. Dit herinner ‘n mens ook weer aan die bekende woord van die profeet Miga: “Die Here het jou bekendgemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God”. Vergelyk Sefanja 2:3 wat sê: “Vra na die wil van die Here alle nederiges in die land, almal wat doen wat die Here wil. Streef na geregtigheid, na nederigheid. Hierdie is ‘n sleutelteks in Sefanja se boodskap.

Kyk na die video inset oor die uitleg van die boek.

Sefanja se grafiese beskrywing van Jerusalem in Sef. 1:10-12 help ons om sy boodskap beter te visualiseer:

- 1:10 – die <u>Vispoort</u> in Jerusalem. Hierdie poort was aan die noordelike gedeelte van die stad. Weens diep valleie om Jerusalem was die stad goed beskerm. Die noordelike kant was egter op ‘n hoogliggende area en altyd in die stad se geskiedenis die plek waar dit ingeneem is. Die teks beskryf dus hoe die stemme van die inwoners weerklink dat die stad ingeneem word.
- 1:10 – die <u>tweede stadswyk</u>. Hierdie area verwys na die nuwe woonbuurt wat koning Hiskia op die berg Sion laat bou het.
- 1:11 – die <u>inwoners van die Vysel</u>. Hier word verwys na die laagliggende gedeelte langs die tempel waar handel gedryf is. Dit was die CBD van Jerusalem wat op pad is om vernietig te word.
- 1:12 – God is besig om met ‘n <u>lamp deur die stad te loop op soek na</u> ... “die mense wat in hulle selftevredenheid dink: die Here doen nie goed of kwaad nie”.






'n Mens moet egter besef dat die profesie nie primêr oor God se oordeel gaan nie, maar eerder oor sy liefde wat mense probeer keer om hulleself en ander seer te maak. God is by magte om soos die vloed in Genesis wat in Sef. 1:2-3 beskryf word, alles te vernietig, maar hy kies juis om dit nie te doen nie. Sefanja se oordeel aankondiginge was bedoel om die inwoners van die stad te louter/suier. Daarom is die taal wat veral in Sefanja 1:14-2:1 gebruik word sterk en oorweldigend. Dit was bedoel om hulle uit gemaksone te skok. Wat dan as die inwoners van die stad nie aan Sefanja se boodskap gehoor gee nie? Dit wil voorkom asof Sefanja se boodskap wel gehoor is en dat koning Josia se godsdienstige hervorming moontlik die gevolg daarvan kon gewees het. Dit het egter nie lank gehou nie. Kort na koning Josia word die koninkryk van Juda na Babel in ballingskap weggevoer. As die inwoners van Jerusalem nie wil luister nie gebruik God ander maniere om weer

herstel te bring. Dit is waaroor die hoop in Sefanja 3:8-20 gaan. In die volgendesessie praat Habakuk op ‘n besondere manier met ons daaroor.

## Hoe praat die Here vandag met ons deur die profesie?

Neem tyd en vra jouself hoe hierdie Bybelboek jou lewe en wêreld aanspreek.